# InfoForum

Nuusbrief van die Ferdinand Postma-Biblioteek

Noordwes-Universiteit : Potchefstroomkampus

Tuisblad English

Vol 6(1), Apr 2006


## Redaksioneel...

Soos belowe gee ons graag vollediger terugvoer oor die LibQual-uitslae. LibQual was die kwaliteitsmetingsproses waaraan die Biblioteek saam met 255 ander vooraanstaande akademiese biblioteke wêreldwyd deelgeneem het. Lees meer hieroor...

Ons stel die nuwe Juta Law Intranet Publications bekend waaroor die biblioteekpersoneel baie opgewonde is. Vir Fakulteit Regte beteken dit dat beide hulle grootste verskaffers van inligting, nl, Butterworths en Juta nou via die Intranet beskikbaar is. Hierdie uitgawe van die nuusbrief kyk weer na 'n paar van ons staatmaker databasisse soos Scopus, Web of Science en Emerald.

Benodig u 'n tydskrifartikel? Kontroleer of dit beskikbaar is op ons A-Z lys van 26 000+ volteks, elektroniese tydskriftitels. Lees meer hieroor... Indien die inligting wat u benodig nie elektronies of in gedrukte formaat op ons kampus beskikbaar is nie, maak dan gerus gebruik van die nuwe, verbeterde elektroniese Interlening aanvraagmetode. Lees meer daaroor ...

Ons vertrou dat u die inligting nuttig kan gebruik.

**Elize van Eldik**
**Redakteur**

---

JUTA LAW

Juta Law Intranet Publications nou beskikbaar. Dit sluit onder andere die volgende in: Omgewingsreg, Arbeidsreg, Handelsreg met die "Handelsreg regstydskrif" in volteks beskikbaar, 'n drie-talige woordeboek (Latyn-Engels-Afrikaans). Wetgewing (nasionaal en provinsiaal) asook hofsake (SALR en SA Criminal Law Reports) word gelys. Die nuwe weergawe is meer gebruikersvriendelik met meer inhoud as die CD weergawe en is via Intranet beskikbaar. Kliek hier vir die databasis.

ISI Web of Knowledge vs SCOPUS

**Wil u aanhalings na u gepubliseerde artikels kontroleer?** Die Biblioteek het twee databasisse wat u daarmee behulpsaam kan wees: nl. Web of Knowledge en Scopus.

Meer hieroor ...

---

**Emerald** is 'n leidende uitgewer in die publisering van akademiese en professionele literatuur in die bestuursveld. Die databasis het 'n nuwe meer gebruikersvriendelike koppelvlak gekry. Kliek hier vir meer inligting oor die gebruik van die databasis.

---



**Het jy geweet?**

Die biblioteek het 'n dinamiese lys van e-tydskrifte. Lees hier hoe dit jou lewe kan vergemaklik.

**Nuwe metode vir Interleningaanvrae 2006**

'n Nuwe elektroniese metode is in werking gestel wat die moontlikheid bied om aanvrae vinniger te prosesseer. Deur hierdie nuwe metode het jy ook insae in 'n opgawe van al die dokumente wat jy tot dusver aangevra het op interlening asook die status daarvan. Lees meer hieroor ...

---



**Die biblioteek het met 'n nuwe studieversameling begin.** Lees meer hieroor.

---

Die Biblioteek het twee **opleidingslokale** nl. Besembos en Tarentaal wat deur personeel en studente by die Inligtingstoonbank in die biblioteek, of by 299 2802, bespreek kan word.

---

**Was jy al in Timboektoe?** Een van ons biblioteekpersoneel was so gelukkig om die dorp te besoek en spesifiek ook die universiteit se biblioteek. Gaan kyk gerus na die fotos.

**Wil jy 'n lys hê van al die boeke wat jy by die Biblioteek uitgeneem het oor 'n tydperk?** Aktiveer die "My Reading History " opsie op jou lenersrekord en die Innopac Biblioteekstelsel sal 'n lys saamstel van al die boeke wat jy uitgeneem het vandat jy die opsie geaktiveer het. Lees hier hoe om die opsie te aktiveer .

---

**Kry jou nuwe personeelnommer hier.**

Vanaf 2005 het alle personeel nuwe personeelnommers. Tik u ID-nommer hier in om u nuwe personeelnommer (universiteitsnr.) op te spoor.

---

Life shrinks or expands in proportion to one's courage. Anais Nin, *The Diary of Anais Nin, volume 3. (1939-1944)*

Vorige uitgawes

---

© 2004 Noordwes-Universiteit. Alle regte voorbehou. Voorwaardes en Bepalings

5 April 2006. FPBWEB

(Die nuusbrief vertoon ten beste as die skermresolusie gestel is as volg: 800x600 dpi)

# Kontrole van Aanhalings

Moet u die aanhalings na u gepubliseerde artikels kontroleer?


Die biblioteek het tans 2 databasisse wat u daarmee behulpsaam kan wees:

1. 


   [Web of Science]

   WOS bied inligting uit 9,300+ tydskrifte. Die Biblioteek is ingeteken op aldrie aanhalingsindekse, nl. die Sosiale Wetenskappe (1956+), Geesteswetenskappe (1975+) en die Natuurwetenskappe (1900+).


   - Selekteer **Web of Science** vanaf die ISI tuisblad.



   - Selekteer **Cited ref search**.




Voltooi die **soekskerm**.



- Die aantal aanhalings na die spesifieke artikels vind u in die kolom **Times cited.**





2.


[Scopus]

Scopus bied inligting uit 15 000+ tydskrifte. Onderwerpsdekking is vir die Geestes-, Sosiale-, Gesondheids-, Natuur-, Ekonomiese-, Biologiese- & Omgewingswetenskappe asook Ingenieurswese. Uittreksels dateer terug tot 1966 en die verwysings tot 1996. Addisionele inligting oor Scopus kan u in die vorige uitgawe van ons nuusbrief, InfoForum, vind.


- Selekteer **Author search.**





- Nadat u van ingetik is, selekteer u naam in die resultaatlys, deur 'n regmerk langs u naam te plaas.





- Kliek op **Show documents** , bo-aan die resultaatlys.




Die resultaatlys kan verder afgebaken word na 'n spesifieke tydskriftitel deur in die blokkie gemerk **Refine results**, te kliek op **Limit to.**




- In die resultaatlys, sal die kolom **Cited by** , die aantal aanhalings na die spesifieke artikel aandui.




- U kan op hierdie getal aanhalings kliek, wat sal aantoon watter artikels na u verwys het.


**WOS vs SCOPUS: wie gaan wen aan die einde van 2007?**

| **Web of Science** | **Scopus** |
|---|---|
| Journal Citation Reports (impakfaktore). | Werk nie met impakfaktore nie. |
| Ongeveer 9000 tydskrifte. | Ongeveer 15000 tydskrifte. |
| Sluit tydskrifte in op grond van impakfaktore.<br>Bv. 17 SA tydskrifte | Sluit ook plaaslike inhoud in.<br>Bv. 48 SA tydskrifte |
| Doel is om aanhalingsindekse elektronies beskikbaar te stel. Aanhalings reeds voor 1996 ingesluit. | Doel is om skakels na soveel moontlik volteks te gee.<br>Sluit sedert 1996 ook aanhalings in. |
| Skynbare fokus op Amerikaanse tydskrifte met belangrike Europeuse inhoud ingesluit. | Slegs 34% Noord Amerikaanse inhoud.<br>Sluit ook heelwat van Afrika en Asië saam met Europese tydskrifte in. |




# Emerald Library - nuwe gesig

Baie van u is reeds bekend met die uitgewer, Emerald, se volteks databasis waarop die inhoud van meer as 160 tydskrifte op die gebied van Bestuurswetenskappe soekbaar is. Soektogte wat op ander biblioteekdatabasisse gedoen word skakel ook na die volteks in Emerald. Gedurende 2005 het die soekskerm van Emerald effens verander soos u hieronder kan sien. Die soekskerm is duidelik uiteen gesit en u kan aandui indien u frases wil soek bv. "Strategic management". U kan ook die veld waarin gesoek moet word spesifiseer bv. "Article title". Aan die regterkant van die soekskerm is wenke om u te help met die soektogte. Soektogresultate kan gesorteer word volgens jaar of relevansie.




Links van die soekskerm is die "browse" funksie wat u in staat stel om te sien watter vakgebiede en watter tydskriftitels op die Emerald databasis beskikbaar is. Sien hier onder die lys van onderwerpe as voorbeeld.




Emerald het met die nuwe uitgawe ook aandag gegee aan die verpersoonliking van u profiele op die databasis. Dit behels dat enige persoon die registrasievorm kan voltooi en 'n gratis persoonlike aantekenkode van Emerald kry. Indien u daarop aanteken kan u 'n geskiedenis van u soektogte stoor, u kan die inhoudsopgawes van gespesifiseerde tydskrifte op die databasis ontvang via deur e-pos en u kan lyste van bronne in u soektogresultate merk en uitdruk, stoor of met 'n rekordbestuursprogram soos Reference Manager u eie databasis van relevante bronne opbou.




Kontak Erika Rood by 299 2828 indien u opleiding in die gebruik van Emerald vir u of u studente benodig.

# "A- Z": e-tydskrifte

"A-Z" is 'n lys van elektroniese tydskrifte waarop die biblioteek ingeteken het. Die lys kan gevind word op die biblioteek se webblad deur op "**Tydskrifte**", "**E-tydskrifte**" en "**E-tydskrifte (A-Z lys)**" te kliek.


Die funksies sluit in:

- Verskeie volteks databasisse (waaronder EbscoHost) se tydskrifte word op die lys aangedui.
- Daar kan na 'n spesifieke titel gesoek word d.m.v. die "**search** " opsie.
- Daar is 'n opsie om beskikbare e-tydskrifte volgens vakgebied te lys.
- Daar kan maklik tussen bladsye beweeg word deur die letters van die alfabet (wat op die blad gelys word) te gebruik. Kies eers die letter van die alfabet en dan sal daar onder hom 'n lys van subafdelings verskyn, bv. onder A, verskyn: AA, AB, AC ens. Sodoende kan die lys makliker genavigeer word. Daar is ook 'n boksie met 'n pyltjie wat presies aandui watter deel van die titellys op elke bladsy verskyn. Dit maak dit makliker om die spesifieke titel op te spoor.
- Daar kan ook direk op die biblioteek se katalogus gesoek word na die spesifieke titel. Dus kan die kontrole van die gedrukte besit baie vinniger gedoen word.
- Daar kan ook vanuit verskeie databasisse gekoppel word na hierdie lys, waar daar outomaties gesoek word na die volteks titel.

NB - Dit is die enigste databasis waar gesien kan word van wanneer af die biblioteek toegang het tot die volteks van tydskiftitels.

Die biblioteek glo dat hierdie produk van kardinale belang is vir gebruikers en dat dit aan hulle 'n maklike en bruikbare lys kan bied. Vir enige navrae kan Carine Basson tydens kantoorure gekontak word by 018-299 2818.

Die uitdruk is 'n voorbeeld van die A-Z lys:



# Studieversameling

Die studieversameling het ontstaan uit 'n behoefte van studente dat sekere materiaal vir meerdere gebruik beskikbaar moet wees. Dit gebeur dikwels dat dosente materiaal nie reserveer nie, maar dat bibllioteekpersoneel besef dat die boek in die studiegids aangedui is as aanbevole of voorgeskrewe leesstof en deur baie studente geraadpleeg sal word. Daar word ook deur die studieversameling gepoog om handboeke in sekere vakgebiede waar daar behoefte is aan 'n eksemplaar, vir biblioteekgebruik aan te skaf. Boeke word in 'n aparte versameling gehou waar boeke nie uitgeneem mag word nie.

Dit is die bedoeling dat die versameling mettertyd so sal uitbrei dat studente, veral in die vakke waar daar groot groepe studente is, gehelp sal kan word in die raadpleeg van bronne wat dikwels druk gebruik word.

Die boeke moet in die biblioteek geraadpleeg word en mag soos gereserveerde materiaal oornag en oor naweek uitgereik word. In die geval waar die biblioteek meer as 1 eksemplaar van 'n bron beskikbaar het, word gewoonlik slegs 1 eksemplaar in die Studieversameling geplaas. Die ander word op die oop rakke beplaas sodat dit ook beskikbaar is aan studente wat nie die Biblioteek kan besoek nie. Indien die klas baie groot is mag besluit word om al die eksemplare in die Studieversameling te plaas.

Die situasie ten opsigte van elke boek sal jaarliks hersien word en indien die boeke nie meer druk gebruik word of aanbevole of voorgeskrewe leesstof is nie, kan dit teruggestuur word na die oop rak.

Boeke wat in die Studieversameling geplaas word, word meestal daar geplaas op aanbeveling van die vakbibliotekarisse of ander biblioteekpersoneel. Studente se aanbevelings of versoeke kan ook oorweeg word. Kontak Hester Spoelstra by x 2783 vir meer inligting.





# Timboektoe

Timboektoe lê in die middel van Mali, en het sy ontstaaan in die 11de eeu. Timboektoe was bekend vir sy universiteit, of Islamitiese akademie, en het ongeveer 22 000 studente gehad. Die klein bibliotekie berg tans duisende antieke manuskripte in houtgemaakte glaskaste. Die versameling was tot onlangs toe nog oop vir navorsers wat die ou boeke fisies kon hanteer het. Meeste van die boeke handel oor Islam, maar daar is ook ander waardevolle inligting soos gebruike van medisinale plante wat vandag nog relevant is.

Tans word daar gepoog om van die boeke te skandeer en op rekenaar te sit, sodat dit nog steeds toeganklik is. Die Suid-Afrikaanse regering het geld geskenk om te help om hierdie unieke versameling behoorlik te bewaar. Onder is 'n paar voorbeelde van hoe die biblioteek sy materiaal bewaar.




10 2:24PM



10 2:03PM

## Aktiveer jou leesgeskiedenis

Die Biblioteek ontvang gereeld vesoeke van gebruikers vir 'n lys van bronne wat deur hul uitgeleen is (leesgeskiedenis). Hierdie opsie is nou moontlik, maar moet deur gebruikers self geaktiveer word. Dit kan ter enige tyd weer onaktief gemaak word en later weer geaktiveer word.

**Stappe:**

- Gaan na http://fpb-lnx1.puk.ac.za/patroninfo
- Sleutel jou **van** en **universiteitsnommer** in. (**Let op:** personeel moet hulle nuwe universiteitsnommer insleutel. Dit kan verkry word deur eers te kliek op die ikoon "**Soek vir jou nuwe Noordwes-Universiteitsnr** ".
- Natdat jy jou van en universiteitsnommer ingesleutel het verskyn jou lenersrekord op die skerm soos die voorbeeld hieronder:




- Kliek op "**My Reading History**"
- Kliek op "**Enable collection of reading history**". Soos aangetoon in die voorbeeld hieronder.




- Alle bronne wat jy uitgeneem het vandat jy die funksie geaktiveer het sal hier gelys word.
- Sodra jy nie meer van die diens gebruik wil maak nie vee al die bronne in die lys uit en kliek op "**Disable collection of reading history** ".
- Indien enige probleme ondervind word kontak Elize van Eldik by 018 299 2812.

Terug na InfoForum, 2006_6_1